Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2018

VERBRUIKERSTUDIES NASIENRIGLYN

PUNTE: 200

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 15 bladsye.

VRAAG 1: KORTVRAE

1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1	D ✓	(1)	*Onthou*	*Maklik*		
1.1.2	C ✓	(1)	*Verstaan*	*Matig*		
1.1.3	D ✓	(1)	*Onthou*	*Maklik*		
1.1.4	C ✓	(1)	*Onthou*	*Maklik*		
1.1.5	B ✓	(1)	*Onthou*	*Maklik*		
1.1.6	B ✓	(1)	*Verstaan*	*Matig*		
1.1.7	A ✓	(1)	*Onthou*	*Maklik*		
1.1.8	D ✓	(1)	*Onthou*	*Maklik*		
1.1.9	B ✓	(1)	*Onthou*	*Matig*		
1.1.10	D ✓	(1)	*Onthou*	*Matig*		
1.1.11	D ✓	(1)	*Onthou*	*Maklik*		
1.1.12	A ✓	(1)	*Verstaan*	*Matig*		
1.1.13	B ✓	(1)	*Onthou*	*Maklik*		
1.1.14	C ✓	(1)	*Onthou*	*Maklik*		
1.1.15	B ✓	(1)	*Onthou*	*Maklik*		
1.1.16	C ✓	(1)	*Verstaan*	*Matig*		
1.1.17	D ✓	(1)	*Onthou*	*Maklik*		
1.1.18	A ✓	(1)	*Onthou*	*Maklik*		
1.1.19	D ✓	(1)	*Verstaan*	*Matig*		
1.1.20	C ✓	(1)	*Onthou*	*Maklik*	(20 x 1)	(20)

1.2	1.2.1	G ✓	ii ✓	(2)		
	1.2.2	F ✓	iii ✓	(2)		
	1.2.3	B ✓	v ✓	(2)		
	1.2.4	D ✓	vii ✓	(2)		
	1.2.5	C ✓	i ✓	(2)		
		Onthou, Maklik			(5 x 2)	(10)

1.3	1.3.1	lae ✓		
	1.3.2	vlooimark ✓		
	1.3.3	hernubaar ✓		
	1.3.4	ekovriendelik ✓		
	1.3.5	omskepping ✓		
	1.3.6	klassiek ✓		
		Onthou, Maklik	(6 x 1)	(6)

1.4	1.4.1	C ✓		
	1.4.2	D ✓		
	1.4.3	E ✓		
	1.4.4	H ✓		
		Onthou, Matig	(4 x 1)	(4)
				[40]

VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 **Verduidelik die term *uitsluitingsklousule*.**

’n Uitsluitingsklousule in ’n kontrak, wat ’n party vrywaar van enige aanspreeklikheid, ✓ wat hy/sy nie nakom/wanneer die produk of diens nie die doel dien waarvoor die verkry is nie. ✓

OF

’n Gedeelte van die kontrak wat die verskaffer vrywaar ✓ van blaam of verantwoordelikheid. ✓

Verstaan, maklik (2)

2.2 **Noem DRIE basiese dienste wat munisipaliteite aan wonings in hul munisipale gebied behoort te verskaf.**

- Elektrisiteit ✓
- Water ✓
- Sanitasie/vullisverwydering ✓
- Rioolverwydering ✓ (Enige 3 x 1) (3)

Verstaan, maklik

2.3 **Tabuleer nie-voorlopige en voorlopige belasting.**

	Nie-voorlopige belasting	**Voorlopige belasting**
Gereeldheid/tipe inkomste verdien	Werk by werkgewer ✓ /voltyds indiens/gereeld/maandelikse inkomste ✓ / vaste geldelike inkomste ✓ / verdien salaris ✓ (Enige 1) (1)	Inkomste is nie vas nie / ongereeld ✓ /mense met inkomste anders as salaris ✓ (Enige 1) (1)
Hoe dikwels word die belasting betaal	Elke maand ✓ / maandeliks (Enige 1) (1)	Twee keer per jaar ✓ (1)

Verstaan, matig (4)

2.4 **Gee DRIE voordele verbonde aan sonkrag om ons van elektrisiteit te voorsien.**

- Sonkrag is skoon en veroorsaak nie besoedeling nie. ✓
- Sonkragsisteme funksioneer goed in die meeste klimate. ✓
- Die sisteme kan funksioneer sonder om aan elektrisiteit of gas gekoppel te wees. ✓
- Daar is geen geraasbesoedeling wanneer krag gegenereer word nie. ✓
- Vervaardigers van sonkragapparaat waarborg hul produk vir tot 20 jaar. ✓
- Die regering gee finansiële ondersteuning om die koste van installering te verminder. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

Toepassing, matig

2.5 **Verduidelik TWEE maniere hoe verbruikers kraanwater in hul huise kan bespaar**

- Herstel lekkende krane want dit mors baie water ✓
- Installeer kraanbelugters want dit verlaag die watervloei ✓
- Maak die kraan toe as jy jou tande borsel ✓
- Moenie lopende water gebruik as jy skottelgoed was nie ✓

Verstaan, maklik (Enige 2 x 1) (2)

2.6 **Advertensie**

2.6.1 Uitvissing ✓ ('scam')
Onthou, maklik (1)

2.6.2 **Paragraaf**
Die advertensie het eg gelyk/dit was in 'n plaaslike koerant geplaas. ✓ Lusindo was aangelok deur die woonstel met 'n see-uitsig / naby die strand. ✓ Dit was ook 'n maklike betalingsmetode – die geldmark. ✓ Die akkommodasie sou deur Zukie gereël word. ✓ Die kontakpersoon (Zukie) was net voor die vakansie nie beskikbaar nie. ✓
Analiseer, matig (5)

[20]

VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 **Gee DRIE redes waarom antioksidante as voedseladditiewe gebruik word.**

- Antioksidante preserveer die kwaliteit van voedsel/verleng die raklewe van voedsel. ✓
- Voorkom galsterigheid en onaangename smaak en reuk ✓ in margarien, kookolie, beskuitjies, aartappelskyfies en sopmengsels.
- Preserveer die kleur van vars gesnyde vrugte en groente, vertraag ensimatiese verbruining/verkleuring in vrugte en groente, vrugtesap, koeldrank, geblikte groente en bevrore vrugte. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

Onthou, matig

3.2 **VYF faktore wat die ontwikkeling van osteoporose sal verhoog.**

- Lae estrogeenvlakke ✓
- Liggaamsvorm ✓
- Familiegeskiedenis van osteoporose ✓
- Afname van hormoonvervaardiging kliere soos ooraktiewe skildklier ✓
- Rook ✓
- Langtermyn gebruik van sekere medikasies ✓
- Oormatige alkoholinname ✓

Onthou, maklik (Enige 5 x 1) (5)

3.3 **Oorgewig persone het ’n hoër risiko vir gesondheidsprobleme.**

3.3.1 **TWEE hartverwante gesondheidsrisiko's wat tydens vetsug/oorgewig kan voorkom.**

- Koronêre hartsiekte ✓
- Hipertensie/hoë bloeddruk ✓

Onthou, matig (2)

3.3.2 **Bespreek DRIE eetgewoontes wat vetsug kan beheer.**

Beheer die hoeveelheid en tipe voedsel wat jy eet en fisiese aktiwiteite. ✓ Neem ’n gesonde leefstyl aan en behou gesonde eetgewoontes. ✓ Vermy gemorskos, groot porsies, kies gesonde opsies soos slaaie of geroosterde voedsel. ✓ Verminder die totale hoeveelheid kilojoules wat jy inneem per dag, eet minder vetterige en suikerryke voedsel. ✓ Eet meer groente/vrugte. ✓ Eet meer volgraan/lae GI koolhidrate – dit mag help met gewigsverlies. ✓ Vermeerder die inname van legumiene want dit het ’n lae GI, dit is vullend en laag in vet. ✓ Eet meer veselryke voedsel want dit sal jou vul en die honger gevoel vertraag. ✓ Eet meer hoender, vis en neute as rooivleis want dit bevat minder vet en cholesterol. ✓ Drink genoeg water gedurende die dag. ✓ Eet ’n goeie ontbyt want dit gee jou krag vir die dag. ✓ Kou die kos deeglik. ✓ Rooster, bak of stoom voedsel in plaas van braai. ✓ Gebruik alkohol in matigheid. ✓

Onthou, matig (Enige 3 x 1) (3)

3.4 **Verduidelik waarom die gebruik van volgraan voordelig is vir 'n persoon wat aan diabetes ly.**

- Die vesel/oplosbare vesel in volgraan help om die bloedsuiker-/glukose-vlak ✓ te beheer omdat dit stadig verteer ✓ en voorkom groot dalings in die bloedglukosevlak ✓ en dit help om die ontwikkeling van tipe 2 diabetes te verminder. ✓

Verstaan, maklik (4)

3.5 **Noem DRIE voordele wat organies gekweekte voedsel vir die natuurlike omgewing mag hê.**

- Organiese boerderye gebruik natuurlike insekdoders om die omgewing te beskerm ✓
- Hulle konsentreer op die volhoubaarheid van hulpbronne ✓
- Dit verbeter die grondkwaliteit/om grondbesoedeling te voorkom ✓
- Dit verminder lugbesoedeling want baie min brandstof word gebruik vir die vervaardiging van organiese bemestingstowwe ✓
- Beskerm die afvalvoorraad ✓
- Water bly skoner want daar is geen afloop van chemikalieë in die water nie ✓

Verstaan, maklik (Enige 3 x 1) (3)

3.6 3.6.1 **Identifiseer die voedselverwante siekte wat veroorsaak word deur plaak wat opbou in die arteries.**

Arteriosklerose ✓

Onthou, maklik (1)

3.6.2 **Gee 'n rede waarom die opbou van plaak in die arteries voorkom.**

Vette word gedeponeer/cholesterol ✓ bou op binne-in die arteries/as gevolg van die verhoogde inname van versadigde vette/lae digtheid lipoproteïene ✓

Verstaan, maklik (2)

3.6.3 **DRIE risiko faktore vir die bogenoemde voedselverwante siekte.**

- Familiegeskiedenis van koronêre hartsiekte ✓
- Ouderdom ✓
- Geslag ✓
- Etniese groepe ✓

Onthou, maklik (Enige 3 x 1) (3)

3.6.4 **Verduidelik die volgende dieetriglyne om die siekte geïdentifiseer in VRAAG 3.6.1 te voorkom of te beheer:**

(a) **Eet vetterige vis soos sardientjies minstens twee keer per week**

- Vetterige vis bevat onversadigde ✓ vette wat nie plaak sal opbou nie. (2)

(b) **Verhoog die inname van peulgewasse.**

- Legumiene is laag in vet en hoog in oplosbare vesel ✓ wat 'n verlaging effek het ✓ (2)

Toepassing, matig

3.7 **Scenario**

Een tipe brood	**Een smeer**	**Een proteïenvulsel**	**Twee bykosse**
• Volgraan brood ✓ (1)	• Margarien 'lite ✓ (1)	• Gerookte hoender ✓ • Tuna mayonnaise ✓ (1)	• Blaarslaai ✓ • Tamatie ✓ • Komkommer ✓ • Laevetkaas wiggies/skywe ✓ (2)
Rede • Hoog in vesel ✓ • Laag in GI ✓ • Verlaag die bloed kolesterol-vlak ✓ (1)	**Rede** • Verlaag die totale vet inhoud ✓ • Beskerm die hart want die meeste bevat die hart en beroertestigting logo ✓ (1)	**Rede** • Hoog in proteïene ✓ • Hoender sonder die vel het 'n lae vetinhoud ✓ • Tuna is ryk aan Omega 3 ✓ • Vetsure beskerm die hart en bloedvate ✓ (1)	**Rede** • Tamaties/ komkommer/ blaarslaai is ryk aan vitamiene/ minerale/vesel/ lae vet inhoud/. Verminder die risiko van koronêre hartsiekte ✓ • Laevetkaas het 'n verminderde vet inhoud wat die risiko van koronêre hartsiekte verminder ✓ (2)

LET WEL: EEN punt vir elke keuse en een punt vir 'n rede.

Analiseer, moeilik (10)

[40]

VRAAG 4: KLEDING

4.1 **Verduidelik die volgende terme:**

4.1.1 **Klassieke styl**
Geen tendens maar geld vir baie seisoene ✓ met subtiele verandering ✓
Die styl ontwerpe, kleur en kleedstof ✓ bly populêr vir ’n langer periode van tyd. ✓ (2)

4.1.2 **Retrospektiewe mode**
Dit verwys na klere wat style van die vorige era namaak. ✓
Ontwerpers kyk na die verlede vir inspirasie, maar interpreteer dit met ’n moderne aanslag ✓
Style kom nooit in dieselfde vorm terug nie / dit word aangepas om by die behoeftes en lewenstyl van die huidige era, tyd en plek te pas. ✓
Onthou, maklik (Enige 2 x 1) (2)

4.2 **Verduidelik die volgende stadiums van die modesiklus**:

4.2.1 **Beginstadium/bekendstelling**
Die mode word vir die eerste keer bekendgestel; bekende persoonlikhede word gefotografeer terwyl hulle die klere dra. ✓
Modeleiers aanvaar of verwerp die mode. ✓
Onthou, maklik (2)

4.2.2 **Hoogtepunt/piek**
Die mode bereik die hoogte van populariteit / baie mense dra die klere / Dit word in groot hoeveelhede geproduseer ✓ / Word geadverteer in winkels en in venster-uitstallings. ✓
Onthou, maklik (2)

4.2.3 **Afname/einde**
Klere raak uit die mode ✓ /verdwyn /uitverkopings/begin afneem/ modesiklus is voltooi. ✓/Nuwe modeneigings het alreeds hulself gevestig. ✓
Onthou, maklik (2)

4.3 **Handelsmerkroof het ’n definitiewe impak op die verkope van wettige beskermde handelsmerke. Regverdig hierdie stelling**.

- Die beeld van die beskermde handelsmerk word benadeel en kan lei tot lae verkope. ✓
- Kliënte sal vertroue in die handelsmerk verloor. ✓
- Vervaardigers van oorspronklike handelsname verloor miljoene se verkope. ✓
- Mededingers van bekende handelsname word afgesit deur die lae pryse van nagemaakte klere, gevolglik is daar minder mededinging en verkope. ✓

Verstaan, matig (4)

4.4 **Joyce – klere-items**

Swart baadjie ✓ (1)

- Professioneel/formeel/lyk mooi voorkoms ✓
- Sal haar warm hou ✓
- Sal pas by die swart langbroek / wit langmouhemp / ander items ✓
- Klassieke style kan lank vir ŉ lank tyd gedra word ✓ (Enige 1) (1)

Swart langbroek ✓ (1)

- Professioneel / formeel / lyk mooi / voorkoms ✓
- Eenvoudige/neutrale kleure, kan gepas-en-meng word by ander klere ✓
- Klassieke style kan lank vir ŉ lank tyd gedra word ✓ (Enige 1) (1)

Wit langmouhemp ✓ (1)

- Professioneel / formeel / lyk mooi voorkoms ✓
- Klassieke styl kan lank tyd gedra word ✓
- Gewone/neutrale kleur kan gepas-en-meng word en met ander klere gedra word ✓ (Enige 1) (1)

Evaluering, matig (6)

[20]

VRAAG 5: BEHUISING

5.1 **Verduidelik die volgende terme:**

5.1.1 **Oordragskoste**
Belasting ✓ wat aan die staat betaal word om die huis in die koper se naam ✓ oor te dra en gebaseer is op die huisleningbedrag van die eiendom

OF

Belasting wat deur die Ontvanger van Inkomste ✓ vir die staat gekollekteer word. Die belasting word betaal aan SARS elke keer as die eiendom van eienaar verander ✓ Dit is gebaseer op die waarde van die eiendom.
Onthou, maklik (2)

5.1.2 **Okkupasiehuur**
'n Bedrag betaal aan 'n persoon wat die huis huur aan die party in wie se naam die eiendom geregistreer is. ✓

OF

As die koper die huis beset voordat die verband geregistreer is ✓ moet hy of sy okkupasiehuur aan die verkoper betaal. ✓
Onthou, maklik (2)

5.1.3 **Titelakte**
Dit is 'n getekende aanbod om te koop ✓ wat die koper deur die wet bind om die eiendom te koop / bind die koper en verkoper deur die wet om die bepalings en voorwaardes wat in die kontrak uiteengesit is, te gehoorsaam. ✓
Onthou, matig (2)

5.2 **Lys die finansiële implikasies vir 'n verbruiker om te oorweeg wanneer huishoudelike artikels op huurkoop gekoop word.**

- Neem die item huis toe wanneer die deposito betaal en die kontrak geteken is ✓
- Betaal paaiemente oor 'n periode van tyd ✓
- Ekstra uitgawes insluitende 'n deposito, administratiewe koste, versekeringskostes, bankkoste en rente ✓
- Kleinhandelaar en verbruiker moet 'n skriftelike kontrak ✓. Die minimum deposito en maksimum tydperk vir terugbetalings word deur die wet voorgeskryf. ✓ (Enige 4 x 1) (4)

Onthou, maklik

5.3 **Gevallestudie**

5.3.1 **Verduidelik wat 'n *behuisingsubsidie* is**.
'n Individuele behuisingsubsidie is 'n toekenning van geld ✓ beskikbaar vir mense van lae-inkomstegroepe ✓ wat 'n residensiële eiendom vir die eerste keer wil koop. ✓

OF

'n Regeringsubsidie ✓ wat vir lae-inkomste verbruikers ✓ help om huise te bekom.
Onthou, matig (3)

5.3.2 **Verduidelik of Vivie vir 'n staatsbehuisingsubsidie sal kwalifiseer.**
Vivie is 'n Suid-Afrikaanse burger. ✓ Sy is 35 jaar oud/ouer as 21 jaar. ✓ Sy is 'n weduwee en het afhanklikes/kinders ✓
Vivie verdien minder as R3 500 00 per maand (R3 200 00) ✓
Vivie kwalifiseer vir 'n behuisingsubsidie want sy voldoen aan al die kriteria. ✓ (5)

5.3.3 **Noem VIER voordele om staatsbehuisingsubsidies aan lae-inkomste, eerste keer huiseienaars te voorsien.**

- Voorsiening van 'n huis aan lae-inkomste familie sal seker maak dat minder mense op die straat lewe. ✓
- Wanneer mense 'n huis besit, gee dit vir hulle trots, dus sal hulle harder werk en sal dus hulle eie persoonlike rykdom groei. ✓
- Skuilings (plakhuise) is onveilig vir kinders. ✓ Paraffienlampe kan brande veroorsaak / risiko van ineenstorting ✓
- Huise het rioolstelsel en skoon water ✓ veiliger vir kinders en minder kans van siekte om te versprei ✓
- Veilige areas vir kinders om buite te speel ✓
- Nader aan ontwikkelde gebiede en vervoer na werk ✓
- Die ego van die ontvanger sal 'n hupstoot kry wanneer 'n huis ontvang word ✓
- Die gesubsideerde huis kan as kollateraal/sekuriteit dien. ✓

Evaluering, moeilik (Enige 4 x 1) (4)

5.4 **Bespreek waarom om te koop nie altyd finansieel beter is as om te huur nie.**

- Koop van eiendom is baie duur omdat daar oordragskostes, ✓ oordragsfooie, ✓ verborge koste, verbandregistrasie-fooie, kantoorakte-fooie/; interim belasting, inisiasiefooie, eiendomsevaluasie fooie, okkupasiehuur, administrasiefooie en aansluitingsfooie. ✓
- Huur is goedkoper op die korttermyn ✓ en gee die huurder 'n geleentheid om vir 'n deposito te spaar. Hoe groter die deposito is, hoe makliker sal dit wees om die finansiële verantwoordelikhede van huiseienaarskap na te kom. ✓
- 'n Huurder betaal 'n vaste bedrag oor 'n spesifieke periode ✓ en word nie geaffekteer deur verhoging in rentekoers nie. ✓
- 'n Huurder betaal nie munisipale belasting/eiendomsbelasting nie – eienaar betaal munisipale belasting / eiendomsbelasting ✓
- 'n Huurder betaal nie vir die instandhouding van 'n eiendom nie, die eienaar betaal vir die instandhouding van die huis ✓
- 'n Huurder betaal nie verbandversekering/huiseienaarversekering nie. Die eienaar betaal vir verbandversekering/huiseienaarsversekering.
- Dit is maklik om te trek na kennisgewing – dit is dus makliker om te huur as jy nie lank gaan bly nie, as jy nie lank in die dorp of stad gaan woon nie. ✓

Toepassing, maklik (8 x 1) (8)

5.5 **Wasmasjien**

5.5.1 **Verduidelik die term *kontrak.***

’n Kontrak is 'n ooreenkoms tussen twee of meer persone waarin die een persoon aanbied om iets te doen en die ander persoon die aanbod aanvaar ✓ (Enige 2) (2)

Onthou, maklik

5.5.2 **Bespreek die volgende kriteria wat ’n voornemende koper moet oorweeg om ’n wasmasjien te koop.**

(a) **Verbruik van menslike energie**

- Kies die korrekte grootte volgens die gesin se behoeftes. Dit sal verseker dat die familie nie te veel tyd aan wasgoed was spandeer nie. ✓
- Dit moet maklik wees om te bereik en skoon lintfilters sal energie bespaar. ✓
- Kontrolepaneel moet maklik wees om te gebruik om energie te bespaar. ✓ (Enige 2 x 1) (2)

(b) **Moontlike omgewingsimpak**

- Voorlaaiers gebruik minder water en bespaar dus water. ✓
- Kyk na die water- en energieverbruik om te verseker dat die wasmasjien water en elektrisiteit bespaar ✓
- Sommige vervaardigers dui aan hoe die verpakking op 'n omgewingsvriendelike manier gestort word, sodat onnodige afval voorkom word. ✓

Verstaan, matig (Enige 2 x 1) (2)

5.5.3 **Analiseer die geskiktheid van die wasmasjien vir ’n groot gesin.**

- Die wasmasjien kan 10 kg ✓ hanteer so dit is geskik vir ’n groot gesin ✓
- Maklik om te gebruik ✓ – kinders sal dit ook kan gebruik ✓
- Die wasmasjien het verskeie siklusse en ✓ programme wat die was van verskeie klere/tekstiele vergemaklik. ✓

Analiseer, moeilik (Enige 2 x 2) (4)

[40]

VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 **Verduidelik die volgende terme:**

6.1.1 **Gehaltebeheer**
Is produkinspeksieprosedure ✓ om te verseker dat die produk aan die vereiste standaard voldoen. ✓ Gehaltebeheer verseker dat kwaliteit gehandhaaf word. ✓
Is ’n mate van uitstekendheid ✓ die kwaliteit van die produk is foutloos. ✓
Onthou, maklik (2)

6.1.2 **Volhoubare winsgewendheid** is die besigheid se vermoë om ’n egalige vlak van produksie en verkope te handhaaf/groei ✓ en steeds op die lang duur ’n wins maak sonder om die beskikbare kontant uit te put. ✓
Onthou, maklik (2)

6.1.3 **Beste verkope scenario** is wanneer ’n besigheid sy verkoopteiken/ doelwit bereik ✓ / ’n voorspelling van wat sal gebeur as die produk baie goed verkoop. ✓
Onthou, maklik (2)

6.2 **Gevallestudie**

6.2.1 **Teikenmark**
- Studente ✓
- Fabriekswerkers ✓
- Industriële werkers

Toepassing, maklik (Enige 2 x 1) (2)

6.2.2 **TWEE aanvangsbehoeftes**
- Wasmasjien ✓
- Strykyster/gereedskap ✓
- Skoonmaakmiddels ✓
- Geld wat sy gespaar het ✓

Toepassing, maklik (Enige 2 x 1) (2)

6.2.3 **TWEE oorhoofse koste**
- Elektrisiteit ✓
- Water ✓
- Huur ✓

(Enige 2 x 1) (2)
Toepassing, maklik

6.2.4 **Vereistes van die verpakkingsmateriaal vir skoon klere.**

- Verpakking moet pas by die skoon/gewaste klere ✓
- Maklik om te hanteer (wassery-trollies) ✓
- Moet die klere beskerm teen vuil word/moet klere skoon hou ✓
- Bestand teen kreukels – om te voorkom dat klere kreukel ✓

(Enige 3 x 1) (3)

Onthou, maklik

6.2.5 **VIER P's van die bemarkingsamestelling**

- Produk (diens) – was en stryk van klere ✓
- Promosie – Zelda het strooibiljette uitgedeel ✓
- Persone – die studente/fabriek/industriële werkers wat gebruik maak van die klerewasdiens ✓
- Plek – Zelda se suster se buitekamer/wassery ✓ in die industriële gebied (4 x 1) (4)

Toepassing, maklik

6.2.6 **VIER faktore wat Zelda in die keuse van haar besigheid moes oorweeg**

- Beskikbaarheid van menslike vaardighede/werkers. ✓ Zelda het kennis van toerusting en tekstiele. Sy het twee vriende in diens geneem. ✓ Sy het haar Verbruikerstudies-kennis toegepas.
- Finansiële hulpbronne. ✓ Sy het geld gespaar om toerusting en skoonmaakmiddels te koop.
- Beskikbaarheid van werkplek. Sy het haar suster se leë kamer omskep in 'n wassery. ✓
- Beskikbaarheid van rou materiaal (grondstowwe). ✓ Skoonmaakmiddels kan plaaslik by enige verkooppunt / winkel gekoop word. ✓ (4 x 2) (8)

Toepassing, maklik

6.2.7 (a) **Produksiekoste**

R14,00 + R6,60 ✓
= R20,60 ✓ x 18 kg = R370,80 ✓ (3)

(b) **Wins**

R370,80 x 60% ✓ / 60 ÷ 100
= R222,48 ✓✓ (3)

Toepassing, moeilik

LET WEL: Minus (-)1 as die R-waarde nie in die finale antwoord verskyn nie.

6.3 **Redes vir wisselende inkomste en uitgawes**

- September en Oktober gaan sommige studente huis toe vir ’n kort vakansie. ✓ Fabrieke sluit nie vir hierdie tydperk nie, daarom sal sy fabriekskliënte hê, maar haar inkomste sal laag wees. ✓
- Tussen Oktober en November berei studente voor vir eksamens en het min tyd om hul wasgoed te doen. ✓ Fabriekswerkers werk soos gewoonlik daarom verhoog die besigheid se inkomste. ✓
- Gedurende November en Desember skryf studente eindeksamen en het hulle nie tyd om hulle eie wasgoed te doen nie. ✓
- Fabriekswerkers mag oortyd werk om die werk of produksie klaar te kry, voordat die vakansie begin en mag meer vuil werkers klere hê wat gewas moet word, daarom styg Zelda se inkomste nog meer. ✓
- Tydens Desember en Januarie sluit kolleges en fabrieke. Studente en fabriekswerkers wat in ander areas woon gaan huis toe vir die feesseisoen ✓ daarom is daar min klere om te was wat ’n drastiese afname van inkomste vir Zelda se besigheid veroorsaak.
- Tydens Januarie en Februarie ✓ heropen kolleges, studente kom terug/nuwe studente registreer/nuwe fabriekswerkers begin werk.
- Bestaande en nuwe kliënte begin van wasserydiens gebruik te maak wat lei tot ’n skerp styging van inkomste ✓ in die besigheid.

Analiseer, moeilik (Enige 7 x 1) (7)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou